Vrydag **25 Oktober**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:12-21**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:18**

**Deur God saamgevoeg om mekaar te bedien**

Die Here se alwysheid is vir ’n mens verstommend. Hy weet presies hoe om te skep. Hy weet hoe om alles aanmekaar te weef dat elke wese perfek gevorm word om te kan funksioneer vir die doel waarvoor dit geskep is. Ons sien dit so mooi in die natuur.

Maar die Here skep nie net fisiese dinge wat apart leef nie, Hy skep ook verhoudings. Hy skep die kerk deur die verlossing van sy Seun Jesus Christus. Die kerk is nie net ’n lukrake verskynsel nie. Die kerk is ook, soos die liggaam, planmatig deur God saamgevoeg om doelgerig te funksioneer.

Daardie plan is ook nie vir ons onkenbaar nie. Dit is vir ons baie duidelik dat die Here die kerk bymekaar voeg soos Hy wil, sodat hulle soos lede van ’n liggaam diensbaar teenoor mekaar sal wees. Ons verlossing deur Christus se kruisdood is altyd ’n “waartoe”-verlossing. Ons is verlos van die sonde, maar verlos tot die hoër diens van ons Koning. Ons sien dus baie mooi dat die Here ons saamvoeg in sy kerk sodat ons daar mekaar sal dien.

Elkeen van ons verskil van mekaar in ons gawes. Soos die gemeente in Korinte, mag ons nie ons met mekaar vergelyk en ophou om mekaar te dien omdat ons nie dieselfde gawes het nie. Ons moet mooi besef dat die verskil in gawes deur God bestem en noukeurig saamgestel is, juis sodat ons daardeur mekaar sal bedien met die verskillende gawes.

Verskil jy van ander? Natuurlik, en dit is goed. Juis daardeur het God bepaal dat jy sy kerk moet dien. Leef naby jou gemeente, dan sal jy haar ken. Ken jou gemeente, dan sal jy sien waar haar behoefte is en ook presies hoe die Here jou daar gaan gebruik. Help só die verbondsgemeenskap van die Here.

*Sing: Skrifberyming 15-1:2*

*Ds. CB (Brahm) Robinson (Cachet)*